17 Februarie 2023

Geagte Ouers

Die week was gekenmerk met rooi en wit hartjies en ballonne wat vreugde en liefde tussen ons Eureka-familie gebring het. Baie dankie aan elke leerder wat die gr. 7 leiers-projek so mooi ondersteun het. Die Gr. RR- en R-leerders het ook nie ŉ tree teruggestaan vir hul seniors met die "Stap en trap"-aktiwiteit nie. Hulle het ook die geleentheid gebruik om hul fietse en skopfietse op te fraai om by die tema te pas. Dankie ook vir elke ouer wat die tyd opgeoffer het om saam met u kind die rondte van liefde te doen. Ek verseker u dat dit vir altyd in hul gedagtes opgeteken sal bly.

Met al die kinderaktiwiteite is daar ook vir die pa's ŉ geleentheid gereël om hulle van die werk af weg te lok en te onspan.

Ons nooi elke pa, besigheid of familie uit na die jaarlikse "RAMME-AAND" op 16 Maart in die skoolsaal.

Indien daar enige borge is van jagpakkette, ens. kontak asb. Mev. Surien Meyer by 082 788 5502 of Michelle Matthys by die skoolkantoor, 087 310 5310. Daar is ook nog tafels beskikbaar teen R2 400 vir 8 persone.

Die gesin is ook vir ons as skool baie belangrik en is daar ŉ geleentheid ook geskep vir Ma en Pa op Dinsdag, 7 Maart om na Gretha Wiid te kom luister met die tema: Die dinge wat elke ouer moet weet vandag! Dit sal Dinsdag, 7 Maart 2023 om 17:30 in die skoolsaal plaasvind. Dit is slegs vir ouers.

Gretha sal Woensdag, 8 Maart tydens skoolure afsonderlik met die Gr. 1 tot 3 leerders gesels (Tema: Boeliegedrag op hul vlak, en selfone) en die Gr. 4 - 7 leerders (Temas: Boeliegedrag, selfone, maats, keuses, groepsdruk en grootword). Ons vra u asb. om net die volgende skakel in te vul om getalle te bevestig vir u as ouer se gespek met Gretha.

https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLScoWh0xm1xoQjXRl9sdKHPCsVDk0C2cH54XQh35XMTBUkRXrg/viewform?usp=sf_link

**SPORT**: Op die sportgebied het ons Gr. 2-seuns ook weer Donderdag aan die mini-krieket byeenkoms deelgeneem en was daar ook viere en sesse geslaan! Baie dankie ook aan elke ouers se volgehoue ondersteuning en aanmoediging. Daar is verseker IPL-spelers in wording.

Ons 0/13-seuns en-dogters neem ook die naweek deel aan die jaarlikse Landboudal 0/13-rugby en netbaltoernooi. Sterkte aan elke seun en dogter.

Ons 0/11-en 0/13-rugbyspanne speel ook eerskomende Maandag, 20 Februarie teen Laerskool Jim Fouchee tuis in n oefenwedstryd.

**AKADEMIE:** Akademie is ons primêre aktiwiteit en word die volgende kwartaaltoetse volgende week geskryf:

- Dinsdag, 21 Februarie, gr. 7, Geskiedenis en
- Vrydag, 24 Februarie, gr. 6, Afrikaans en gr. 7, Natuurwetenskap.

Sterkte aan die leerders met die voorbereiding.

Die atletiek is werklik 'n groot kopseer met die onduidelike, oningeligte en ontydige inligting vanaf die organiseerders. Ons verseker u dat ons vir u so spoedig as moontlik sal inlig van veranderings. Jammer vir die ongerief.

Sterkte met die naweek aan elke leerder.

'n Brokkie van Laerskool Eureka se geskiedenis volg.

Dr. Etienné Venter
SKOOLHOOF
Inligtingsbrief 5/2023

# Laerskool Eureka
# Kimberley

## EREKODE

Jan. 1971 — Des. 1986

Ek wil my ouers daagliks
gehoorsaam en eerbiedig, —

My skool gereeld bywoon
en my plig getrou
nakom, —

My te alle tye in die klas
en daarbuite goed gedra, —

Met my maters mooi saam-
speel,

My klere en liggaam rein
en skoon hou,

My karakter en goeie naam
handhaaf,

My medelandgenoot se taal
en tradisies eerbiedig,

My moedertaal en my volks-
tradisies handhaaf,

My land en volk as 'n goeie
burger(-es) dien,

My Heer en Meester na die
beste van my vermoë dien,
en

Sy bevele volgens Gods
Woord trou nakom.

1971

# PAKKETTE

| BORG SE NAAM | BESKRYWING VAN PAKKET |
|---|---|
| Ameila en Thys van Rooyen<br>Uitkyk Safaris<br>082 832 0723 | Selfsorg verblyf vir x 4 gaste vir x 2 aande – met x 4 springbokke ingesluit. |
| Liam Urry<br>073 456 2910 | Bokkarkas |
| Ricky Booysen<br>083 420 6774 | 2 x Annique geskenkpakke |
| Adam en Nella Barnard<br>Spitskop Spa<br>083 425 9897 | 1 x Paartjie massering (Waarde R1 250) |
| Takie Pope<br>082 423 1645 | 2 x springbokke en x 1 blesbok speserye en bewerking ingesluit |
| Herman Pheiffer<br>082 458 8311 | 1 x springbok en 1x gemsbok – speserye en bewerking ingesluit |
| Deon van Aswegen en Johan Venter<br>Ultimate Africa | 2 x aande se verblyf vir x 2 paartjies (Bed en Ontbyt). Aandete vir x 4 vir vir x 2 nagte. Wildsrit vir x 4 en 1 x Impala om te jag (Waarde R25 000) |
| Attie Jansen<br>083 455 6789 | 1 x koedoe en 1 x rooibok.<br>2 x aande se selfsorg-verblyf vir x 4 persone in Jaghuis. Gids en jagvoertuig om te gebruik tydens verblyf. |
| Jolize Wiid<br>Rooidam Selfsorg Gasteplaas<br>Naby Modderrivier<br>083 659 7114 | 2 x aande se selfsorg verblyf vir 6 persone. |
| Jaco Delport<br>083 274 9767 | 3 x rooibokooie<br>1 x vlakvark |

| | |
|---|---|
| | 1 x slaglam<br>1 x aand se verblyf vir x 4 jagters |
| Greg Edwards<br>Magersfontein Safari's<br>083 251 6122 | 1 x aand se verblyf vir x 2 gaste by Magersfontein Safaris Game Lodge<br>x 1 Jagtersdag-fooi (sluit in 'n gids, jagvoertuig, afslag van diere, ens.)<br>1x springbok<br>1 x vlakvark |
| Mev. Calla van Niekerk<br>Buffelcor en Langkop Boerdery<br>083 261 9951 | Groot bottel wyn van oorlede Hansie Cronje se Gedenkjaar en persoonlik deur hom geteken. |
| Mnr. Flip Nel<br>De Nel Safaris<br>082 375 0767 | 2 x springbokkarkasse |
| | |